’N GEWAARBORGDE INFLASIESKANS

ONS STEL DIE INFLASIE-PLUS EFFEK BEKEND

FAIRBAIRN CAPITAL | OLD MUTUAL

’n Uitsonderlike belegging van Old Mutual se topklas enkelpremie-produkreeks

Ons stel die Inflasie-Plus Effek vir oordeelkundige beleggers bekend

Die Inflasie-Plus Effek is ’n veilige vastetermynbelegging wat ’n gewaarborgde opbrengs bo inflasie bied. Hierdie unieke produk sal die koopkrag van jou kapitaal beskerm deur ’n aantreklike nabelaste opbrengs van inflasie + 2%[1,2] per jaar te waarborg op die netto bedrag wat oor ’n vyfjaartermyn belê is.

Fairbairn Capital se Inflasie-Plus Effek is eksklusief beskikbaar vir individuele beleggers wat diskresionêre beleggings via die Investment Frontiers Kapitaalportefeulje wil aangaan.

Let wel dat hierdie belegging slegs vir ’n beperkte tydperk beskikbaar is.

Belê vir gemoedsrus

Fairbairn Capital is Old Mutual se eksklusiewe aanbod vir topklas beleggers. Met ’n hoë dienspeil en hoë kundigheid lewer Fairbairn Capital innoverende nommerpas beleggingsoplossings aan hierdie gesofistikeerde mark. As deel van ons verbintenis om uitsonderlike keuse vir elke behoefte te bied, is ons trots om die Inflasie-Plus Effek beskikbaar te stel.

beskerm die koopkrag van jou kapitaal deur ’n aantreklike nabelaste opbrengs bo die inflasiekoers te waarborg

opbrengste wat inflasie klop en deur Old Mutual gewaarborg word, sonder verdere belastingaanspreeklikheid

Hoekom sal jy in die Inflasie-Plus Effek belê?

- Opbrengste oortref inflasie
- Opbrengste word gewaarborg
- Opbrengste word nie deur belasting in die belegger se hande verwater nie

Die meeste beleggers wil al hierdie voordele uit hul beleggings kry. Die meeste beleggings kan egter nie al drie bied nie, en een word dikwels ten koste van die ander verkry.

Aandele- en eiendomsbeleggings kan byvoorbeeld met verloop van tyd opbrengste lewer wat inflasie klop, maar daar is geen waarborge nie. Geldmark- en vasterentebeleggings kan ’n hoër mate van kapitaalsekuriteit bied, maar vir baie beleggers word die opbrengste swaar belas. Daarom kan hierdie beleggings dikwels nie inflasie klop nadat belasting in ag geneem is nie.

Fairbairn Capital se Inflasie-Plus Effek bied: ’n Opbrengs wat **inflasie klop** en deur Old Mutual **gewaarborg** word, **sonder verdere belasting** in die belegger se hande, oor ’n gespesifiseerde termyn van vyf jaar.

Met ander woorde, dit **voldoen** aan die drie sleutelbeleggingsvereistes.

Wie behoort in die Inflasie-Plus Effek te belê?

Die Inflasie-Plus Effek is ideaal vir die konserwatiewe belegger met ’n behoefte aan inflasiebeskerming, belastingdoeltreffendheid en sterk waarborge van een van die mees bestendige en hoogaangeskrewe finansiële instellings in Suid-Afrika.

Die Inflasie-Plus Effek sal waarskynlik besonder aantreklik wees vir beleggers met ’n hoë marginale inkomstebelastingkoers wat reeds hul jaarlikse belastingvrystelling ten opsigte van rente gebruik het.

Beleggers moet bereid wees om hul geld vir die volle vyfjaartermyn te belê, aangesien dit ’n vastetermynbelegging is met beperkte likiditeit gedurende die termyn, en omdat die gewaarborgde opbrengs slegs geld indien die belegging tot op die vervaldatum in stand gehou word.

Sleutelkenmerke

Beleggingsinskrywingstydperk
Die Inflasie-Plus Effek is slegs gedurende gespesifiseerde maandelikse periodes beskikbaar vir inskrywing. Kliënte se geld sal aan die einde van elke maandelikse tranche in die Inflasie-Plus Effek belê word.

Beleggingstermyn
Die beleggingstermyn van die Inflasie-Plus Effek is vyf jaar, en begin op die eerste dag na die einde van die beleggingsinskrywingstydperk.

Fooie
Daar sal geen aanvanklike administrasiefooi wees nie. ’n Aanvanklike adviseursfooi, wat tussen die adviseur en die belegger onderhandelbaar is, is betaalbaar tot ’n maksimum van 5% (BTW ingesluit) van die beleggingsbedrag.

Vroeë subskripsiebonus
‘n Vroeë subskripsiebonus sal by die beleggingsbedrag gevoeg word (na aftrekking van die aanvanklike adviseursfooi, indien van toepassing) om gedurende die beleggingsinskrywingstydperk voor die aanvang van die beleggingstermyn aan die belegger ’n opbrengs te gee. Die vroeë subskripsiebonus sal bereken word deur ’n vaste rentekoers te gebruik wat ten tyde van die belegging verklaar word.

Netto beleggingsbedrag
Die netto bedrag wat vir die belegging gebruik sal word, is die bruto beleggingsbedrag plus die vroeë subskripsiebonus, minus die aanvanklike adviseursfooi.

Minimum beleggingsbedrag
Die minimum beleggingsbedrag is R100 000.

Gewaarborgde opbrengs
Die gewaarborgde opbrengs op die netto beleggingsbedrag oor die beleggingstermyn van vyf jaar is inflasie + 2%[1,2] per jaar.

Uitkeerwaarde
Die uitkeerwaarde van die Inflasie-Plus Effek sal die netto beleggingsbedrag wees, aangepas met inflasie + 2%[1,2] per jaar vir vyf jaar.

Sigwaarde
Die sigwaarde weerspieël die huidige waarde van die belegging met die aanname dat die Inflasie-Plus Effek tot op die vervaldatum gehou word. Dit word bereken as die netto beleggingsbedrag aan die begin van die beleggingstermyn, aangepas met inflasie + 2%[1,2] per jaar tot die huidige datum. Die sigwaarde word maandeliks aangepas, en is bloot ’n aanduiding van die huidige waarde van die belegging. Dit is nie ’n bedrag wat vir onttrekking of omskakeling uit beskikbaar is nie.

Beleggingsonttrekking voor vervaldatum
Die vroeë onttrekkingswaarde word deur Old Mutual bepaal. Die waarde sal gebaseer wees op die heersende reële opbrengste op inflasiegekoppelde effekte met ’n vergelykbare oorblywende termyn tot die vervaldatum in die Suid-Afrikaanse effektemark, met ’n aanpassing om voorsiening te maak vir ’n fooi aan Old Mutual, vir die verskaffing van likiditeit voor die vervaldatum.

Let asseblief daarop dat die Inflasie-Plus Effek ontwerp is om vir die volle termyn tot op die vervaldatum in stand gehou te word, en dat die gewaarborgde opbrengs nie by vroeë onttrekking geld nie. Die vroeë onttrekkingswaarde is onderhewig aan ’n maksimum van die sigwaarde ten tyde van onttrekking, maar kan heel moontlik minder as die sigwaarde of die netto beleggingsbedrag wees.

Gedeeltelike onttrekking en omskakelings na ander beleggingsopsies binne die Investment Frontiers Kapitaalportefeulje sal toegelaat word. Geen lenings sal teen die Inflasie-Plus Effek aangegaan kan word nie.

Gereguleerde likiditeitsbeperkings geld vir onttrekkings uit die Investment Frontiers Kapitaalportefeulje-kontrak gedurende die eerste vyf jaar of enige beperkingsperiode.

Geldeenheid/toelaatbare belastingstatus
Die beleggingswaarde is in Suid-Afrikaanse rand betaalbaar en is slegs beskikbaar vir individuele beleggers of trusts wat net natuurlike persone as begunstigdes het.

Beleggingsopsomming

Minimum belegging in die Inflasie-Plus Effek	R100 000
Beleggingstermyn	5 jaar
Gewaarborgde opbrengs op netto bedrag belê	Inflasie + 2%[1,2] per year

1. *Inflasie word bereken as die groei in die Oorkoepelende Verbruikersprysindeks (Oorkoepelende VPI) soos gepubliseer deur Statistiek Suid-Afrika, met 'n vertraging van twee maande.*

2. *Die gewaarborgde opbrengs van inflasie + 2% geld vir die netto beleggingsbedrag gedurende die vyfjaar-beleggingstermyn. Die opbrengs gedurende die inskrywingstydperk, voor die begin van die beleggingstermyn, sal afhang van die vroeë subskripsie-bonuskoers en die aanvanklike adviseursfooi wat gehef word. Die gewaarborgde opbrengs geld slegs as die belegger die volle belegging tot op die vervaldatum van die Inflasie-Plus Effek in stand hou.*

harv, 18203

Kontak jou Old Mutual finansiële adviseur of jou makelaar, skakel 0860 WEALTH (932 584) of besoek ons webtuiste by www.fairbairncapital.com

Let wel: Die menings in hierdie brosjure is nie bedoel om as beleggingsadvies te dien nie en moenie as 'n plaasvervanger vir eie oordeel gebruik word nie.

FAIRBAIRN CAPITAL | OLD MUTUAL

Fairbairn Capital is 'n elite-diensreeks wat aangebied word deur Old Mutual Investment Services (Pty) Ltd en Old Mutual, wat Gelisensieerde Finansiële Diensverskaffers is.

www.fairbairncapital.com